# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D7

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**

**GRAAD 12**

**JUNIE 2017**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 14 BLADSYE**

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

### ’n Hawe weg van Bendes

1. **Met net 25 boeke het ’n gesin van Lavender Hill ’n biblioteek begin waar verbeeldings en magies gevoed word**

Deur **PIETER VAN ZYL** Foto’s **MISHA JORDAAN**

2. Dis nie asof Lavender Hill nooit in die nuus is nie. Ongelukkig is dit dikwels al die slegte ou stories, met opskrifte soos "Ouers vlug voor bendegeweld” en "Skietstilstand 'n luukse in Lavender Hill".

3. Maar wag en kyk 'n bietjie van nader voor jy die woonbuurt op die Kaapse Vlakte sommer net afskryf. Kom kuier saam met ons by die Nicholson-gesin in hul nederige woonplek van steen en sinkplaat. Hier kan die kinders van die omgewing na ’n ander, veiliger wêreld ontsnap: die wonderwêreld van boeke.



4. By die afdraai na die woongebied. met Tafelberg op die agtergrond. vang 'n boodskap teen 'n muur jou oog: "Ken jou regte:' Die buurt met sy sinkhuisies is ietwat van 'n doolhof,. maar vriendelike inwoners wat die naweek met 'n paar biere inlui, wvs ons waarheen om te ry. Dan dui die woorde "Siyafunda. Ons lees!" by die ingang na 'n huisie aan ons is by ons bestemming.

5. "Welkom. Ons wou vir julle rooi tapyt uitgooi," groet die joviale John Nicholson ons buite. Net toe kom twee jong latte in die straat verbygestap en groet vriendelik. “Daar kom die polisie,” merk een op. “Kom speel op die sypaadjie,” roep John dadelik na twee kleuters wat in die middel van die pad speel. “Hier sien ons om na mekaar se kinders,” verduidelik hy. En dit is juis daarvoor dat John in Lavender Hill so gelief en bekend is. By sy huis voed hy nie net die kinders se gees en verbeeldingswêreld met derduisende boeke nie: een keer per week voed hy en sy vrou, Gail. ook honger lywe met hul sopkombuis.

6. John. 'n stoffeerder van beroep en ook 'n pastoor. kry genadiglik skenkings, maar die liefdeswerk neem steeds 'n stewige hap uit sy inkomste.

7. Groothartig is hy dalk, maar hier by sy plek duld hy nie nonsies nie. Vuil taal is taboe. "Goed wat buite gebeur, moenie hier rondom my gebeur nie. Dit moet 'n veilige plek vir die kinders wees."

8. ]a, hulle hoor gereeld vuurwapenskote in die omgewing. "Wanneer ons sien dis gevaarlik, roep die grootmense die kinders bymekaar en bring hulle in, dan maak ons die deure toe," vertel hy. "Die bendes weet van ons en sal nie hier kom moeilikheid maak nie."

9. John en Gail se biblioteek het in 2005 met net 25 boeke begin. Mense oral het van hulle leesprojek te hore gekom en die boekskenkings het begin instroom.

10. Eers het die egpaar 'n ou skeepsvraghouer bekom en op hul erf as biblioteek ingerig, maar later het die boeke te veel geword en deesdae gebruik hulle ook 'n aangeboude rnotorhuis vir hul ongeveer 11 700 boeke.

11. Hulle het die sopkombuis 10 jaar gelede begin. Saam met die biblioteek is dit die hart van die egpaar se Omegaview-gemeenskapsprojek. "God is die Alfa en die Omega. Dit is waar die naam vandaan kom," verduidelik John. "Ons probeer 'n sonstraal in die gebied wees."



12. Sowat 50 kinders tussen vier en 16 gebruik hul biblioteek. Vandag sit van hulle in die motorhuis en kyk na 'n Batman-program wat op 'n laken teen die muur geprojekteer word. Elkeen het 'n leesding byderhand. John vertel hy het sonder 'n pa grootgeword. "Maar nou is ek vir baie kinders 'n vriend en pa."

13. Die egpaar se seun Chadwin (21) is 'n opgeleide sjef en help om sowat 300 kinders weekliks te voed. "'n Mens kan mos nie op 'n leë maag lees nie," laat hoor hy uit die kombuis langs die biblioteek. "Ons maak kos met wat ondernemings en mense skenk." Gail sê: "Dit is lekker om te sien hoe die kinders die kos geniet."



14. Kinders doen hul tuiswerk weekdae met behulp van die rye ensiklopedieë in die biblioteek. Karen Lewis, 'n opgeleide bibliotekaresse, kom help gratis. Die Nicholsons het verlede jaar 'n ATKV-Woordveertjie gewen vir hul werk om lees te bevorder - 'n welverdiende pluimpie vir die belangrike liefdestaak.

• Kontak John by omegaview@yahoo.com as jy wil help.

Verwerk uit: *Huisgenoo,* 23 Maart 2017

**VRAE:**

1.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (1)

1.2 Waarvoor is Lavender Hill gewoonlik in die nuus? (1)

1.3 Waar is Lavender Hill? (1)

1.4 Hoe het die Nicholson-gesin 'n verskil in Lavender Hill gemaak? Noem TWEE dinge. (2)

1.5 **Die Nicholson-gesin het die biblioteek in hulle luukse huis begin.**

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is deur EEN WOORD uit paragraaf 3 aan te haal. (1)

1.6 Wat beteken *Siyafunda* in Afrikaans? (1)

1.7 "Ons wou vir julle rooi tapyt uitgooi."

1.7.1 Word "rooi tapyt" denotatief of konnotatief gebruik? (1)

1.7.2 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van "rooi tapyt". (1)

1.8 Haal EEN woord uit paragraaf 5 aan wat dieselfde beteken as 'seuns'. (1)

1.9 Watter beroep/e beoefen John Nicholson? (2)

1.10 Wanneer het die biblioteek in Lavender Hill ontstaan? (1)

1.11 Wat is die naam van die projek waarmee die Nicholson-gesin besig is? (1)

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A − D) neer.

"Ons probeer 'n sonstraal in die gebied wees," (paragraaf 12) beteken

A die gesin verskaf hitte aan die mense in die gebied.
B hulle maak die mense in die omgewing gelukkiger.
C hulle verskaf sonenergie vir warm water in huise.
D hulle maak kos met sonenergie om krag te spaar. (1)

1.13 Waar word Lavender Hill se biblioteek gehuisves? (1)

1.14 Wie is die bibliotekaresse van Siyafunda? (1)

1.15 Verwys na paragraaf 14.

Haal EEN WOORD uit die leesstuk aan wat vir ons sê dat die bibliotekaresse nie betaling ontvang vir haar werk by Siyafunda nie. (1)

1.16 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.16.1 – 1.16.2) en die antwoord neer.

Die Nicholsongesin voed die kinders va lavender Hill se verbeeldings met die 1.7.1 (sopkombuis / biblioteek) en hulle magies met die 1.7.2 (sopkombuis / biblioteek). (1)

1.17 Die Nicholsongesin is al deur die ATKV beloon vir die goeie werk wat hulle doen.

1.17.1 Wat het die gesin ontvang? (1)

1.17.2 In watter jaar het die Nicholsons die beloning ontvang? (1)


1.17.3 Waarvoor presies het hulle die beloning ontvang? (1)

1.18 Waarom, dink jy, is die titel van hierdie leesstuk gepas? (1)

**[24]**

## TEKS B: GRAFIEK

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae:




Verwerk uit *grafika24*, 17 Maart 2017 deur Jaco Grobbelaar

1.19 Wanneer, volgens die grafiek, het Kevin die heel beste tennis gespeel ? (1)

1.20 In watter jaar het Kevin Anderson begin geld verdien vir sy tennis? (1)

1.21 Wie is Kevin Anderson se afrigter? (1)

1.22 Rangskik die volgende beskikbare inligting in die regte volgorde ten opsigte van die beste posisie wat Kevin op die wêreldranglys beklee het, bv. 1.22 ***D E F***. Begin by die beste posisie.

A Junie 2016

B Januarie 2015

C Julie 2016 (13)

1.23 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.23) en die antwoord neer.

In (September 2016 / Oktober 2016) het Kevin die meeste plekke in een maand verswak. (1)

1.24 Verduidelik in jou eie woorde wat beteken die titel: Kevin gly ál verder op ranglys. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die **SEWE VOORDELE van kreatiwiteit** in die onderstaande teks in SEWE SINNE in jou eie woorde op.
2. Skryf elke wenk in ’n volsin neer.
3. Moenie direkte aanhalings uit die leesstuk gebruik nie.
4. Skryf die sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
5. Laat ’n reël tussen die sinne oop.
6. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
7. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## TEKS C: VOORDELE VAN KREATIWITEIT

1. Om te skep is ’n vorm van meditasie. Om tyd te maak om ons hande, energie en verstand te gebruik, is baie belangrik. Op die webwerf iilstreet.com lys hulle die volgende voordele van kreatiwiteit.
2. Uitdagings is deel van die lewe, maar wanneer ons ’n gewoonte maak daarvan om kreatief te wees, los dit ons probleme op.
3. Wanneer ons skeppend is, maak ons kontak met ander skeppende mense. Kreatiwiteit help ons dus om kontak te maak met die gemeenskap.
4. Om onsself kreatief uit te druk, kan die behoefte om sommer net te koop, keer. Deur te skep, spaar ons dus geld.
5. Wanneer ons skep, ervaar ons dat ons heelwat tyd het. Kreatiwiteit veroorsaak die ervaring dat ons ’n dieper gevoel kry vir tyd. Kreatiwiteit gee vir ons daarom die gevoel dat ons meer tyd tot ons beskikking het.
6. Wanneer ons kreatief is, maak ons kontak met ons gedagtes en dit waarin ons glo. Hoe meer ons skep, hoe meer ontdek ons ons gewoontes en begeertes. Kreatiwiteit leer ons om onsself uit te druk.
7. Daar is nie ’n regte of verkeerde manier om ’n kunstenaar te wees nie. Kreatiwiteit bied vir ons vryheid om kontak te maak met die wêreld, sonder om onsself te veroordeel. Dit gee vir ons die geleentheid om risiko’s te neem en nuwe dinge op die proef te stel.
8. Om tyd te maak om ons hande, verstand en energie te gebruik en iets te doen waarvan ons hou, is baie belangrik. Dit help ’n mens om stres te verlig.

Verwerk uit: *VROUEKEUR,* 3 Maart 2017

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

## TEKS D: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie gebaseer.

Voer die instruksies by elke vraag uit.



3.1 Wie is die adverteerder? (1)

3.2 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.3 Noem EEN tegniek waarmee die adverteerder jou probeer oortuig om hierdie produk te koop. (1)

3.4 Vorm 'n BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woorde tussen hakies.

My gesin kan nie (sonder + dit) oorleef nie. (1)

3.5 Gebruik die HOMONIEM van vier in ''n sin sodat die betekenis duidelik is.. (1)

3.6 Dui die LETTERGREPE van die woord tussen hakies aan.

Eet vis vir 'n (gesonde) hart. (1)

3.7 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.7) en die antwoord (A – D) neer, byvoorbeeld 3.7 **E**.

... navrae by LuckyStarSA.

A Doen

B Maak

C Rig

D Vra (1)

3.8 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die vetgedrukte woord.

My **neef** hou niks van vis nie. (1)

3.9 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Visslaai is 'n heerlike (koue) middagete. (1)

3.10 Verander die sin in 'n VRAAGSIN.

Lucky Star sardyne bevat baie vetsure. (1)
**[10]**

## VRAAG 4


## TEKS E: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.

Voer die instruksie by elke vraag uit.

**ANDY CAPP**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




**RAAMPIE 4** **RAAMPIE 5** **RAAMPIE 6**

4.1 Skryf slegs die KORREKTE TUSSENWERPSEL neer in die volgende sin. (Raampie 1) Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

(Sjoe / Aitsa), maar Flo is kwaad vir Andy. (1)

4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE. (Raampie 1)

Ek sal altyd vir jou wag.

Begin so: Andy sê dat … (1)

4.3 Gee die VERKLEINING van die vetgedrukte woord.

Ek sal wag as jy van **plan** verander. (1)

4.4 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende VOORSETSEL.

Flo hou die tas (4.4) ... haar hand. (1)

4.5 Voltooi die volgende IDIOMATIESE UITDRUKKING.

Andy se vrou hardloop so vinnig soos … . (1)

4.6 Gee EEN WOORD vir die woorde in hakies.

Andy sê hy het met Rosie gereël om (elke dag) in te kom. (1)

4.7 Skryf die sin oor, maar vervang die vetgedrukte VOEGWOORD met *daarom*.

Ek het besluit om terug te kom, **maar** nou moet jy luister. (1)

4.8 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Ek het met Rosie gereël, Flo. (1)

4.9 Watter TWEE dinge in Raampie 54 wys vir jou dat Andy se vrou haastig oppad terug is na Andy toe?? (2)

**[10]**

## VRAAG 5

## TEKS F: LEESSTUK

Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk gebaseer.

Voer die instruksies by elke vraag uit.

### (5.1) ’n Spesiale rolstoel … vir ’n goudvis!

Tarryn Joseph

’n (5.2) (Persoon wat in Amerika woon), Derek Burnett (20), het ’n spesiale rolstoel vir ’n goudvis gebou nadat hy uitgevind het dié vis (5.3) ly aan ’n swemblaassiekte. Dit verhinder die vis om te swem en homself regop te hou. (5.4) Dit kluister die vis dus aan die bodem van die tenk.

“Ek het ’n stukkie lugpyp wat ’n mens gewoonlik in hul tenk gebruik rondom die goudvis gespan en ’n paar kleppe aan die (5.7) onderkant ingesit om hom regop te hou.”

Daarna het hy gewiggies onder bygevoeg en ’n stukkie polistireen bo-op. “Ek het stadig stukkies verwyder om die regte dryfvermoë te bereik sodat hy nie voel ’n stoel hou hom agter nie.”



Derek het vir sy vriendin, Taylor Dean (19), ’n (5.6) foto van die goudvis gestuur en sy het gevoel sy moet dié vernuftige oplossing in die sosiale media deel.

“Hy het uit sy pad uit gegaan om die goudvis te help. (5.10) Dit was net baie kosbaar.”

“Mense wat nie gewoond is aan akwariumstokperdjies nie, sal hulle nie eens ’n vis in ’n rolstoel kan indink nie,” vertel Taylor.

Taylor se eerste (5.11) (skryf in) op Twitter het al meer as 27 000 hertwiets gehad en die sosiale media het omtrent gegons.

Verwerk uit *Huisgenoot,* 19 Maart 2017

5.1 Skryf die ADJEKTIEF in die sin neer. (titel)

’n Spesiale rolstoel … vir ’n goudvis! (1)

5.2 Wat word ’n persoon wat in Amerika woon genoem? (1)

5.3 Gebruik die HOMOFOON van **ly** in ’n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.4 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit kluister die vis dus aan die bodem van die tenk. (1)

5.5 Skryf die BYWOORD VAN TYD in die volgende sin neer.

Derek Burnett het onlangs besluit om ’n rolstoel vir ’n goudvis te bou. (1)

5.6 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Derek het ’n **foto** vir Taylor gestuur.. (1)

5.7 Gee die ANTONIEM vir die vetgedrukte woord in die sin.

Derek het ’n paar kleppe aan die **onderkant** ingesit . (1)

5.8 Skryf Taylor Dean se ouderdom uit in woorde.

Taylor Dean (19) het die foto op sosiale media gedeel. (1)

5.9 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Derek bou ’n rolstoel vir die goudvis.

Skryf die sin oor en begin só: Derek behoort … (1)

5.10 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD. (1)

Dit was net baie kosbaar.

5.11 Skryf die KORREKTE VORM van die selfstandige naamwoord tussen hakies.

Taylor se eerste (skryf in) op Twitter het al meer as 27 000 hertwiets gehad. (1)

5.12 Verander die stelsin in 'n VRAAGSIN.

Die sosiale media het omtrent gegons. (1)

5.13 Skryf die sin oor en begin met die ONDERWERP wat onderstreep is.

Hy het <u>gewiggies</u> onder bygevoeg. (1)

5.14 Verbind die sinne met die voegwoord tussen hakies.

Die sosiale media het gegons. Taylor het meer as 27 000 hertwiets gehad. (Aangesien)


Begin so: Aangesien … (1)

**[14]**

## TEKS G: PRENT

Die taalvrae wat volg, is op die prent gebaseer.

Voer die instruksies by elke vraag uit.



5.15 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.15) en die antwoord neer.

Die man sit (om / by / aan) die tafel. (1)

5.16 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.16) en die antwoord neer.

Die ouma dra'n (brille / bril / glase). (1)

5.17 Gee EEN WOORD vir die omskrywing tussen hakies.

Langs die yskas is 'n kas vol (koppies, pierings, borde, ens.) (1)

5.18 Gee die KORREKTE VORM vir die woorde tussen hakies.

Die ouma is (baie oud). (1)

5.19 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die man sit met sy (links + hand) op die tafel. (1)

5.20 Gee die KORREKTE VORM van die word tussen hakies.

Die man sit met (kruis) bene. (1)

**[6]**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**